ZASTRONNER

Uitleg en Ontwerp deur TSD Groep (info@tsd.co.za) ~ Februarie 2013 ~ Prys: R10.00

# Pasella skiet Film op Zastron

Vanaf 15 tot 18 Desember 2012, het 'n filmspan, van die SABC se "Pasella" program, Zastron besoek. Die span het bestaan uit Cara Penzhorn (regisseur), Lesego Radikonyana (kamera), Dennis Sidumo (klank) en Lynelle Kened (aanbiedster). 'n Dokumentêre film van die dorp se geskiedkundige besienswaardighede is gemaak.

Die span het by die uitkykpunt begin en daarna plekke op die staproete verfilm. Die NG Kerk , die eerste hofsaal en die De Winnaar grafte waar die broers Jan en Reynier met hulle gades se grafte gesien kon word, is besoek. In dieselfde kerkhof is ook die grafte van William Law, Reynier se skoonseun en Carl de Winnaar 'n agter-agter kleinseun van Reynier.

Die ou Bloekomboom, geplant deur Reynier se agterryer, ou Vosmerrie –'n boom meer as honderd jaar oud,spesiaal geplant om koelte aan sy oubaas se perde te verskaf, die Johanna Biblioteek in 1933 aan die publiek van Zastron deur Mevr. Johanna Swanepoel, geskenk om as biblioteek te dien, is op film vasgelê. Die boom sou ook as skadu dien terwyl Reynier besig was om aan die groot groep oopmond kinders sy wonder verhale te vertel.

In Majozi straat, genoem na die held van die tweede Wêreldoorlog, Sersant Lucas Majozi, is die storie van sy dapperheid tydens die slag van El Alamein in Noord Afrika, in fyn besonderhede vertel. Die feit dat hy meer as 300 lewens van 'n gewisse dood gered het, 'n daad waarvoor hy die Distinguished Conduct Medal, tweede hoogste toekenning vir dapperheid na die Victoria Kruis,ontvang het.

Die volgende dag is 'n sweepvlegtery opgeneem waarna die waterval staproete by die Buitelug sentrum en 'n praatjie oor inheemse plante verfilm is.

Later is 'n opname gemaak en 'n onderhoud gevoer oor Zastron se welbekende watersteweldansers – die waterstewel dansers van Samuel Johnson skool.



*Die waterstewel dansers van Samuel Johnson Skool.* *Foto: Alex van Rensburg*

Die program sal hopelik op Woensdag 13 Februarie 2013 op die SABC program, Pasella, verskyn.(Kanaal 192, SABC 2)



*Die De Winnaar grafte.* *Foto: Alex van Rensburg*



*Zastron vanaf die Uitkykpunt.Van hierdie punt kan drie Lande gesien word, links Lesotho en regs die Transkei –jy staan in Suid Afrika.* *Foto: Alex van Rensburg*

Maak gerus gebruik van u vriendelike koerier.

NON STOP COURIER

Zastron, Wepener, Bloemfontein, Reddersburg, Smithfield, Rouxville en Aliwal Noord.

(Koerier ook Zaston Nuusblad)

Kontak Martin Sel 076 853 9671

Korrespondensie aan: die Redaksie, Posbus 21, ZASTRON, 9950, Tel. nr: (051) 673 1281

# Uit Ons Pen

Goeie dag, Zastronners

Welkom, getroue lesers en ondersteuners, by ZASTRONNER se eerste uitgawe van 2013. Mag dit 'n jaar propvol nuus wees – GOEIE NUUS ASSEBLIEF TOG!

Gedurende Januarie het ons hard gewerk daaraan om ons advertensie spasies te vul. Baie dankie aan al die adverteerders wat hulle weg oop gesien het om vooruit vir advertensies te betaal. Dit gee ons as redaksie 'n lekker hupstoot kragtens kontantvloei vir die jaar. Dankie, vir almal wat sonder om te skroom dadelik ja gesê het. Ons waardeer julle ondersteuning.
Aan al die mense wat dadelik ja gesê het om gereelde bydraers te wees –baie dankie! Dis aan julle te danke dat ons koerant so lekker vol is elke maand. Ons sien daarna uit om 'n lekker span te wees hierdie jaar.

Ons gemeenskap is gedurende Desember en Januarie geseën op soveel maniere: daar was 'n hele paar bruilofte, families het mekaar gesien vir feesvieringe, babajies is gebore, wonderlike milde reën het geval wat ons omgewing grasgroen en pragtig gemaak het, mense het lekker gekuier en gerus. Maar, daar was ook redes vir mense om hartseer te wees. Is dit nie wonderlik om te weet dat in 'n gemeenskap soos Zastron jy nooit alleen huil nie. Ons is 'n gemeenskap met oop harte – vol van mense wat opreg omgee. Ons hoop dié koestering bring 'n bietjie salf vir die vreeslike rou wonde.

Ouers: sterkte met die skooljaar! Dit is mos maar dikwels ons wat die onderskraging meer nodig het as die kinders! Onderwysers: sterkte$^2$ vir julle! Kinders: onthou dat harde werk nie pret uitsluit nie – die twee werk lekker saam as die balans reg is!

Gepraat van balans: ek lees Woensdag in die Volksblad prof. Jansen se agt wenke aan eerstejaars. Dit klink vir my na goeie raad om na te volg al is jy nie meer 'n student nie – klink na goeie raad vir jou lewe. Ek gaan dit in volgende maand se ZASTRONNER plaas, maar wil tog een brokkie deel. Die een ding wat hy reken mens moet doen, is om alles wat jy dink jy weet te bevraagteken. En om agterdogtig te wees oor mense wat te seker van hulle saak is! Dit klink vir my na goeie raad, want dit beteken dat 'n mens nooit sal ophou leer en ontwikkel nie. Solank 'n mens se brein analities aan die gang bly, bly jy jonk! En dit is nie 'n skande om van opinie te verander nie. Die wêreld is konstant aan die verander en nuwe dinge word uitgevind. Dis goed om op hoogte te bly en dis nog beter om jou eie opinie te vorm oor belangrike goed. Tweedehandse wysheid beteken nie so veel soos om self 'n ding uit te pluis nie.

Daai tyd met Lance Amstrong se Tour de France oorwinnings het ons so onder mekaar gepraat oor die feit dat as jy daardie bergpasse van die Alpe met 'n motor ry kry die motor swaar – dis menslik onmoontlik om een na die ander met 'n fiets uit te trap, dag na dag. Ons moes onsself en ons opinies vertrou het! Dit Ís toe menslik onmoontlik sonder 'n bietjie onwettige hulp!

Piet Swanepoel grappie vir die maand: Ek is nogal beïndruk met wat Lance Amstrong reggekry het. Toe ek op dwelms was, kon ek nie eers my fiets kry nie!

## NOTICE

Zastronner reserves the right to shorten reports, articles or letters and to hold back any article or letter not suitable for publication. All problems and hints must be taken up with the editor in person. Send photos with a post-paid envelope included to enable the editor to return it. The editor is not responsible for the development cost of films. The opinion of the reporters is not necessarily that of Zastronner. Take notice in good time of the closing dates.

**Artikels, stories, briewe, ens. kan gestuur word na squares@mweb.co.za.**
**Zastronner is elke maand beskikbaar by:**
**Oog bakkery, Zastron Kafee, Zastron Drukkers, Nell's Restaurant, Squares en Kotteljonsie.**

## Wat het jy vir Kersfees gekry?

Kersfees is die hoogtepunt van die jaar. 'n Stille afwagting begin al as iemand sê: "Oor 'n maand is dit Kersfees." So bou die spanning stelselmatig op totdat dit byna breekpunt bereik met Oukersaand. As Kersvader uiteindelik aan die deur klop, kan geen kinderhartjie dit meer verder verduur nie. En dan met Kersdag, as jy wakker word en jy hoor oral "Geseënde Kersfees", kom daar 'n ontspanning en vrede oor die afwagting wat opgebou het. Ons is nou dáár!

Baie gaan kerk toe. En na kerk word die eerste tee en koek van die dag geniet, waarskynlik buite in die tuin waar daar 'n koeligheidjie is; ons woon mos in die land van 'n Somerkersfees. Almal klets oor wat hy of sy met Oukersaand gekry het. Die kinders gesels nie daaroor nie, maar geniet dit, en speel met hulle geskenke dat die stof so staan.

Dit laat dink aan FA Venter wat in sy skryfwerk vertel van sy Kersgeskenk. Soos gebruiklik het hy die Kerskous opgehang, iemand het hom daarvan vertel, maar toe hy op Kersdag wakker word, en hom haas na dié kous was daar net 'n kaiingtor in. Jy weet wat dit is? Een van die minder gewilde insekte van die Karoo; so 'n harde droë tor, amper soos 'n miskruier! Dit was die laagtepunt van Kersdag vir FA Venter. Miskien het sy ouers nog nie die Westerse gebruik van die Kerskous geken nie.

Ja, wat het jy vir Kersfees gekry? is die vragie wat hom met die laasgenoemde intrige voordoen? Dit is immers die dag van die groot "kry". Al die spanning en opwinding wat die tyd voorafgaan kan nie verniet wees nie. Dit is die dag van die groot, baie groot, "kry".

Die wêreld het sy groot en enigste Verlosser gekry! Maar hoe kry EK dit? Definitief nie in die Kerskous nie. Ook op geen manier wat ons welwillendheid teenoor mekaar bewys nie. Ons kry die Verlosser deur die leegheid van ons/my bestaan te ontdek – al dink ons ons het genoeg. En dan maak ons plek vir Hom in ons harte, ons lewens; ons gaan by sy voete sit en hoor wat Hy toe alles in die drie jaar van sy lewe en werk op aarde gedoen het. Ons begin net intens belangstel in die Man – Hy word ons Hero!

Elsa Joubert het ook 'n boek geskryf met die titel: Ons wag op die kaptein. Kersdag is die fees dat die Kaptein, met hoofletter, gekom het. Ons bid dat elkeen dié Kaptein gekry het.

Voorspoedige 2013!

## Bedankings - Neels van Rooyen - 06.09.1946 - 21.12.2012

Aan ons Hemelse Vader vir sy lewe. Ons as familie bedank almal vir die oproepe, besoeke, sms'se, eposse en gebede. Die dames wat fluks kos aangedra het, ons innerlike was goed versterk. Die voorbereiding van die pad en graf deur al die bure, die hulp met die beeste, ai daar is nie woorde om almal te bedank nie. Ons het heeltyd gevoel dat julle ons almal dra en die pad vir ons makliker maak.

Ons opregte dank aan ook Dr. Keeve en haar personeel. Charl en die Zastron Apteek personeel. Amal wat die laaste eerbetoon aan hom kom bewys het en ons op die spesiale dag kom bystaan het.

Lintie en al die dames wat gehelp het met die verversings en bediening by Mayaputi - dit was besonder goed gedoen en ontvang hiermee ons dank.

Groot waardering vir Christo en Ryna Otto vir die beskikbaarstelling van die Mayaputi opset en kerkie. Christo jnr. vir jou hulp en bystand wil ons jou ook in besonder bedank. Dit was alles so goed en netjies gedoen. Bedanking ook aan jou broer en al julle plaashulp.

Aan al die familie en vriende wat ver gereis het wil ons ook graag dankie sê vir julle ondersteuning en hulp. Van my as ma wil ek graag in besonder my kinders en kleinkinders bedank vir die ondersteuning, die daar wees toe ek julle so nodig gehad het.

Aan Zastron - dankie vir die opregte goeie wense aan Neels toe hy so siek was - hy het by 'n paar geleenthede vir my gesê dat die mense in die dorp hom sommer beter laat voel.

Seënwense vir 'n besondere goeie 2013.

*~ Marianna van Rooyen, kinders en kleinkinders.*

## Baie dankie / Thank you

Ek wil net aan almal, my vriende, my kinders, baie dankie sê vir die wonderlike 'surprise' partytjie in Desember, en die wonderlike persent! Om te dink… ek is 70 jaar oud!

Wel, as mens so lekker kan kuier op 70 jaarige ouderdom, wil ek elke jaar 70 word!

Ek waardeer al die hulp met my tweede partytjie! Dit was wonderlik! Ek het wonderlike familie en vriende!

*~ Leba*

# 2013 Should Be a Year for Women Empowerment

Was watching TV on the first week of 2013, something very disturbing was all over TV. This was the women abuse debacle in India where young women were gang raped day in day out. This made headlines all over the world. What was very interesting was the effort Indian communities were putting in to ensure that this despicable misogyny is put to an end. I thought of our town, where women abuse cases ranging from physical abuse to rape are an order of the day. This year, 2013 should be a women empowerment year.

For generations, from stone ages, through the rise and fall of the Egyptian and Ethiopian empires, from medieval period to the enlightenment era, from industrialization hitherto, the civilization and successes of humankind have been attributed to men. Women have been perceived as not-so-important, inferior, fragile and passive members of societal organisations, institutions and the entire human race. Men have been elevated in all aspects of life be it social, educational, economic and political spheres, women have been and are still isolated and secluded away from fair exposure of such. Even in religious institutions, bibles have been used to discriminate and purge. women as a strategy to instil inferiority in them. Biblical despots in the form of kings would isolate, abuse, curse and even rape women and all these was acceptable as women were looked at as sexual objects. In the bible, women would pose as strippers, and sexual consultants in palaces and brothels. This then attest to the fact that our women have been treated as entertainment paraphernalia for generations. In African, Latin Americana and Asian traditions the same trend has been prevalent and is to a greater extent still practiced more intensely than in Europe and the West. In Africa, Latin America and Asia, there are very intensely strict laws passed onto women, some which if not adhered to, could result into death. In European countries, the West and other liberal states, the same problem persist but in a more profound and not-so-intense manner.

### Status Quo

This trend has perpetuated for centuries and today the damage it has induced manifests in countless ways. This trend is from schools to workplaces, including businesses. It has become very acceptable that every class expects a Dux student out of a male student, that every business director or executive will be a male. That every prominent politician, every innovative scientist, every pioneer of almost every field would be a male. This trend has in many ways resulted in today's dire plight of women. It has affected our women in all imaginable ways, be it Economic participation, Economic opportunity, Political empowerment, Educational attainment, Health and well-being and general psychological state of mind.

### Education, Economic Participation, Health and Well Being

Today, Women make up two thirds of the world's poorest people on earth. They also constitute the majority of the exploited. In many workplaces they are either granted general work or even if they perform the same work as men, they are often remunerated way below what men who perform the same work as them earn. Africa remains the second worst oppressor (after Latin Americas) of women in terms of economic participation. On the contrary, South Africa is rated as Africa's best performing country (ahead of Zimbabwe) in terms of women empowerment (specifically on economic opportunity and participation). This though is far from being enough. Our women are still marginalised from managerial and executive jobs. The recent 2012 women in leadership census found that women hold only 4.4% of chief executive officer/managing director positions, 5.3% of chairperson positions and 15.8% of all directorships in South Africa. This then affirms how our women are for 'feminized' low-mid class jobs while we men remain in hegemony of executive positions. In engineering for example, only 2.8% of all professional engineers are women, while all engineering firms have women as admin officers and secretaries.

### Educational Attainment, Health and Well Being

With globalization, ever-changing political landscape and massive economic development, education has become a critical element and a prerequisite to ensure economic participation. It thus remains practically impossible for our women to prosper, comprehend with governmental efforts to promote gender equity or even be empowered if they are not educated. Forthwith, our department of education and government in general is confronted with a situation where education is still not accessible in certain parts of country. Even in parts where education is accessible, we still have situations which render it impossible for our young women to access or complete their educational career.

There are many child-headed families especially in rural areas, and it is our young women who are always victims. We are still confronted with HIV/AIDS, poverty and abuse and all these are factors contributing to our young females not accessing education or not completing their studies. Even in politics, women depend on gender parity policies to attain positions of interest. Our women are still doubted when it comes to leadership. These are but some examples of factors which contribute to the back-pedalling of our efforts to striving for women empowerment.

**Moving Forward**

Our government through the department of women, children and people with disabilities is on the move to ensure that our country is expedient and conducive for women empowerment. Minister Lulu Xingwana introduced the proposed "Women Empowerment and Gender Equality Bill" which basically aims at empowering of women (in workplaces and businesses) and further clamping down unfair discrimination and prevalent disparities within South Africa. It also seeks to attain 50/50 gender equality and is applicable to organisations of all sizes in the public and private sectors.

Currently the government through SOE's is the only prominently active stakeholder advocating women empowerment. Our private sector remains at a snail's pace in this regard. A whapping 33.4% of companies have no women directors, while 28.4% have one woman director, 21.1% have two women directors and 17.1% have three or more. SOEs remain in the forefront with 40.1% women directors. Furthermore, the bill will also give the minister of women, children and people with disabilities powers to deal with businesses who do not comply with these regulations.

Nonetheless, the bill, like affirmative action, BEE and all other race and gender-specific empowerment mechanisms will not assist out of celestial forces and instant magic. Our women need to be mentally prepared. We need our women to break out and deal away with a men-dependency mentality. We still have things such as beauty; delicacy and fragility being used as euphemisms seeking to justify such intellectual suppression of our women. These Euphemisms are very effective as they have cocooned our young women to focus on aesthetics (not that it's wrong) and depend on men while robbing them of their mental emancipation. Nothing is wrong for our young women to have Kim Kardashian and Khanyi Mbau as role models but something is definitely wrong when the majority of our young women look up to either entertainment or dependence on men for survival.

No system, regardless of its strength and effectiveness will automatically rescue our women from these bondages unless they themselves take a firm stand against such injustices and prejudice against them. Our women in townships, squatter camps, informal settlements and including those in rural areas should seize and grab whatever opportunity that is meted to them by our government and beyond that, they should inculcate an empowerment mentality amongst themselves. This bill should be a catalyst that will add over and above the willingness of our women to break out of these bondages and impediments that our society has burdened them with.

In the words of Brigham Young, "You educate a man; you educate a man. You educate a woman; you educate a generation". Wathint' Abafazi Wathint' Imbokodo (you strike a woman you strike a rock)



*Biko Monyatsi is a Civil Engineering Technologist and a "Zastronner columnist'* *Photo: Supplied*

# Op 90 staan sy hande nog vir niks verkeerd

Oudste man in Zastron word 90.

Voor die groot huis in Joachim straat, Zastron, druk die besoeker die klokkie. Stadig skuif die groot voorhek oop – hy gaan binne.Van die agterkant van die huis kom 'n stem wat hom bevel om in te kom en 'n rukkie te wag. Dit is die stem van die eienaar wat besig is om 'n klein takie af te handle.

Lank, skraal en lenig, kom hy flink om die draai aangestap.Met'n stewige handdruk en vriendelike glimlag word jy begroet – vra om verskoning omdat jy moes wag, want hy was net besig om 'n lekkende pyp aan sy tenk te vervang.

Omdat hy ongeduldig raak met vandag se werkers doen hy maar self alles. Hy het selfs met die laaste koue op sy huis se dak geklim om herstellings aan sy warmwater stelsel aan te bring.

Gebore in Zastron op 20 Desember 1922 is Frikkie Labuschagne tans die oudste manlike inwoner van die dorp.Behalwe vir 'n kort tydperk wat hy in Port Elizabeth gewerk het, het hy as kafee eienaar, slagter en boer, sy hele lewe op Zastron deurgebring.

'n Kranige houtwerker, het hy, tot 3jaar gelede nog gespesialeer in die maak van doodkiste. Hy het selfs vir hom en sy vrou,Nola, elk, een gemaak.Hierdie sowel as 'n paar wat hy vir ander mense gemaak het staan tans op sy solder.

Hy glo dat oefening, 'n aktiewe lewe en helder denke 'n mens jonk hou – vertel egter dat, tydens oefening, hy nou 'n bietjie moeg word as hy probeer draf.

Hy vertel verder dat die dorp oor die jare baie vooruitgang en ontwikkeling getoon het – glo vas dat Zastron nog 'n stad sal word.



*Mnr. Frikkie Labuschagne op 90 jarige ouderdom.* *Foto: Alex van Rensborg*



*Een van die doodkiste wat Labuschagne gemaak het.* *Foto: Alex van Rensborg*

ORGAN DONATION
A GIFT FOR LIFE

**REGISTREER GRATIS OM 'N ORGAANSKENKER TE WORD BY:**

**www.odf.org.za of bel tolvry**

**0800-22-66-11**

AGE ... IS A MATTER OF FEELING, NOT OF YEARS.

- GEORGE WILLIAM CURTIS

# Zastron

Die feesdae is verby. Dit was weer eens gejaagd. So ver verwyder van die krip en Marie en Josef en die babaseuntjie Jesus.

Baie mense het deur ons dorpie gereis, behalwe vir die skrikwekkende pad tussen Wepener en Zastron het ons besighede hul goed van hul taak gekwyt. My susterskind van Johannesburg het die Kerstyd by my deurgebring, 'n moeilike besoeker, maar ons het ons maar min aan hom gesteur! Deesdae se kinders praat mos maar min, hulle is gedurig op Twitter, selfone, email, en wat nog! As hulle ry raadpleeg hulle mos GPS en bel die AA en wie weet wat nog! Raadpleeg my nie meer nie!

Ek ontdek die wonderlike hoofstuk in die Bybel: Deut. 11:11:12

Die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink, 'n land waar die Here jou God voor sorg, die oë van die Here jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar, tot aan die einde van die jaar.

Ons het sopas die einde van die jaar beleef en gaan die nuwe jaar tegemoet. Zastron is 'n mooi dorp, ons is gelukkig dat duisende besoekers ons dorp jaarliks besoek.

Die teksverse is vir elke dorp, stad in die wêreld van toepassing. Elke dorp lyk anders, die mense is anders. Die belofte is vir almal bedoel. Wonderlik!

Die land is 'n land van berge en laagtes. Dit is nie heeltemal gelyk of afdraand nie. Zastron se omgewing lyk mos so, geen 'waterpas' dorp nie. Die TV reeks "Cheers" se temalied is so mooi: 'Sometimes you want to go where everybody knows your name, and they are glad you came'.

Daar buite is mense wat smag na aanvaarding. Is ons dorp 'n veilige hawe en eerlik genoeg om God te loof en prys, om met jou hele bestaan na God te gaan?

Jan Botha sing: "Ons moet oorgee, omgee en aangee"…….of gaan ons mekaar se foute adverteer?

Liefde

*~ Tina Greyling*

# Drie generasies Maties

Tydens die Stellenbosch Universiteit se gradeplegtigheid in Desember 2012 het Elané de Beer haar BSc Physiotherapy-graad verwerf. Sy is die dogter van Corena de Beer, nèè Botha en die kleindogter van Heléne Snyman. Ouma Helène het haar BA graad in 1956 verwerf, toe in Bedford en die Paarl skoolgehou voordat 'n Vrystaatse boer haar voete onder haar uitgeslaan en sy 'n Vrystaatse boervrou geword het. Corena de Beer het haar PhD Biochemistry in 2004 aan dieselfde Universiteit verwerf. Corena is steeds by die Tygerberg kampus van die Universiteit as wetenskaplike werksaam. Elané de Beer doen tans haar Zuma-jaar in Kimberley.



*Heléne Snyman (BA 1956), Elané de Beer (BSc Physiotherapy 2012) en Corena de Beer (PhD Biochemistry 2004)* *Foto: Verskaf*


**SCOTTY'S MIDAS**

**22 LUCAS MAJOZI STREET ZASTRON**
**051 - 6731872**

- Batteries
- Car Care
- Hardware
- Heavy Duty and Trailer Spares
- Household
- Lifestyle / Camping Gear
- Number Plates
- Power Tools
- Safety and Security
- Service Parts
- Styling
- Tools
- Tune-Up
- Tyres

" If we do not have it in stock, we will get it overnight from the main branch, or find it for you ! "

# Among my Souvenirs

'n Botteltjie modderwater en 'n paar Herfsblaartjies.

Nouja, terwyl ek weer hier in my Taverna sit, val my oog op die klein Cinzano botteltjie met modderwater asook die gemonteerde herfsblaartjies in die plakboek daarnaas.Wat sou hierdie nou so spesiaal maak? Die water is geskep uit Johann Strauss se onsterflike Blou Donau in Wenn in Oostenryk terwyl die blaartjies daar naby in die Weense Woude in herfstyd opgetel is.

Op my oornagvlug vanaf Johannesburg na Wenen is daar, tydens aandete,'n klein botteltjie Cinzano, as aptyt wekker, vir my voorgesit. Ek verkies toe 'n glas Weense Heurigan rooi wyn en sit die cinzano in my kamerasak.

By my hotel in Wenen aangekom vind ek dat my kamervenster 'n pragtige uitsig oor die Donou bied en ,wonder bo wonder, op die oorkantse oewer pry die Weense Woude in die pragtigste herfskleure, só romanties as wat Johan Strauss dit ooit kon voorstel. Vroeg die volgende oggend stap ek oor die groot brug,




*Modderwater uit die Donau.* *Foto: Alex van Rensborg*

van amper 'n kilometer lank, na die anderkantse wal. Nou is ek in die "Wiener Wald"op die wal van die Donau. Ek moet van die water uitskep om huistoe te neem, maar O! wee, ek het niks om dit in te gooi nie.

Skielik, val dit my van die Cinzano botteltjie in my kamerasak, by. Ideaal! Baie teen vermorsing, gooi ek die inhoud in my keel af, spoel die botteltjie uit en vul dit met van die bruin, modderige, effens olierige water van die rivier.

Ek stap verder deur die woud – om my val die herfsblare. Die kleure, oorstelpend. Van baie lig geel tot 'n diep donkerrooi, is daar honderde skakerings tussenin. Wind dwarrels speel met die blaartjies, gooi hulle in die lug op en jy besef dat hierdie wonderskone gesig net deur Sy Hande geskep kon word.Ek tel van die blaartjies op. Hulle sal saamgaan om ook tussen my soeweniers te pryk.

Terwyl ek na hierdie twee aandenkings kyk, sak ek in die groot leunstoel neer – gee my gedagtes vrye teuels, styg in die ruimte op, vlieg oor kontinente heen…

Ek is terug in Wenen – staan voor die groot



*Herfsblare uit die Weense Woude.* *Foto: Alex van Rensborg*

Katedraal van St.Stefan in die ou stad. Die stadsaal, Heldenplatz, die drywende restaurant op die Doau, die Johan Strauss, die Opetahuis en die wonderlike Lippizaner Perde by die Spaanse Ryskool..'n Rit op die groot Praterwiel in die pretpark bied 'n wonderlike gesig oor die stad.Die wiel is soortgelyk aan díe in London, Engeland, net baie ouer.

'n Besoek aan Grinzing, die 270 jarige Heurigan wynplaas met sy ou boom in die tuin,, 200 jaar gelede geplant, word gevolg deur 'n Strausswals konsert. Ooral hoor jy die musiek van Strauss – en die sigeuners. Met hulle viole tower hulle vir jou 'n wêreld van Strauss se musiek in jou verbeelding, op – Weense Bloed, Verhale van die Weense Woude, Lente



*Sonsondergang oor die Donau.* *Foto: Alex van Rensborg*

Stemme en, natuurlik, die Blou Donau.

Na 'n kort bootreis is ek weer in die Weense Woud met al sy pragtige herfskleure - op die walle van die Donau. Maar vanaand is die rivier stug en somber - wys sy ander gesig.Dit begin reen - ek keer na my hotel terug.

Laat namiddag – oor die oppervlak van die Donau flits wilde eende verby. Stippeltjies in 'n somber, donker wildernis.Op my vensterruit dans die reendruppels, skitterende diamante in die duisternis – soos dansers wat 'n Strausswals konsert uitvoer.

Die volgende oggend – 'n sonsopkoms oor die rivier soos slegs in drome gesien kan word. Die Donau is kalm. Rivier en vrag bote vaar rustig op hulle roetes na vreemde, verre lande.Bo hulle, in 'n helder blou Hemel, volg seemeeue wat soos blaartjies op die wind gedra word.

Vir oulaas kyk ek in die water van die Donau af – wonderbaarlik is dit nie meer modderig, maar HELDER BLOU, so blou soos die waters van 'n Noorweegse Fjord -So blou soos Johan Strauss dit gesien het, daardie dag toe hy sy onsterflike wals geskep het.

Besoekers is welkom om hierdie soeweniers, fotos en films, in my Taverna Venezia te kom besigtig.

*~ Alex van Rensburg*


# Zastron Slaghuis

Anton en Leon Scorrano



U VARSVLEIS-VERSKAFFER

Presto Aquabita Servizio • Vinnige betroubare diens

Faks en Tel. 051 673 1020/673 1331
Hoofdstraat 25, Zastron
Na ure - 051 673 1534 of
051 673 1560


# Biblioteeknuus

Die volgende tydskrifte sal gratis by die Biblioteek beskikbaar wees:

| | |
|---|---|
| Bona (S.So) | Monthly |
| City Press | Weekly |
| Daily Sun | Daily |
| Drum | Weekly |
| Enviro Kids | Bi-Monthly |
| Essentials | Monthly |
| Finesse | Monthly |
| Hoezit | Monthly |
| Leef | Monthly |
| Minimag | Monthly |
| National Geographic Kids | Monthly |
| Runners World | Monthly |
| SA Garden & Home | Monthly |
| Sarie | Fortnightly |
| Sunday Times | Weekly |
| Volksblad | Daily |
| Weg | Monthly |

Ons is ook trots om julle in te lig dat ons nou ook 'n 'tablet' beskikbaar het vir die gebruik van lede vir ebook!

Reëls:

1. Die tablet mag nie die Biblioteek verlaat nie.
2. Besprekings moet gemaak word vir tenminste 2 ure.
3. Bring jou ID boekie saam.
4. Jy gaan dus binne in die Biblioteek bly en lees.
5. Geen "memory stick" of uitdrukke word toegelaat nie!

*~ Adri*
0516731173


MALUTI PANELBEATERS
24 HOUR TOWING SERVICE

2 Voortrekker Street, Zastron

- Panelbeating
- Spray Painting
- Vehicle Services

CONTACT DETAILS:
Sel: 082 959 4467
Tel / Fax: 051 6731 467
Email: maluti@ymail.com

# ZASTRONNER fotografie raad

**Omraming**

Hierdie is 'n ander uitkyk op die baie bekende landmark, "Die Oog". Dit is geneem van die pad waarmee ons in Zastron inry. 'n Ander manier om aandag op die fokuspunt te vestig, is om dit te omraam. Hierdie omraming kan takkies wees, soos in hierdie geval. Ander idees is bv. om blare te gebruik, of skaduwees, of 'n muur of eintlik enige iets wat 'n tipe raam kan vorm.

Verskillende effekte kan verkry word deur op die omraming te fokus, of anders op die fokuspunt agter die omraming te fokus. Kies 'n klein aperatuur, wat die vlak van fokus laag hou. Die enigste manier om die perfekte omraming te kies, is om 'n hele klomp verskillendes te probeer.



NAUDE EN RADEMEYER BK h/a

ZASTRON APTEEK/PHARMACY
Reg nr: 2004/014393/23

Posbus 400
Zastron
9950
Tel/Faks: 051-6731355

Reichenberg str 41 A
Zastron
BTW nr.: 4240203770
E-pos: pc.naude@mweb.co.za

U WELSTAND IS ONS VERANTWOORDELIKHEID !

YOUR WELLBEING IS OUR RESPONSIBILITY !

PC Naude
Lede: PC Naudé B Pharm (Potch)

# Hoe beïnvloed kraaie die skilpaaie

Hier is 'n baie interessante storie wat ek van Nollie Lambrechts gekry het en wys net wat waarneming kan doen. Nollie het 'n plaas so 10 km noordoos van Karoopoort in Ceres Karoo langs die Sutherland pad.

Hier is Nollie se storie:

"Hier is die verhaal van 'n Pa en Ma kraai se vermoë om 4 kuikens in die Ceres karoo groot te maak.

Die tydslyn is soos volg, met skokkende gevolge teenoor ander spesies se verlies:

Op 18 Sept het ek die 5 eiers in die nes op windpomp vir die eerste keer gesien, nadat die kraai uitgevlieg het vanaf die nes en ek kon gaan voel dis warm op gebroei.

Op 22 Sept is die 4 kuikens pas uitgebroei, een eier was bederf.

Op 30 Sept was daar slegs 4 doppe van gevangde skilpaaie en 4 honger nekke en bekke, wat lyk soos lelies as dit net klink of jy iets bring om te eet.

Op 13 Okt was daar baie doppe, 'n hele 41 van hulle.

Op 21 Okt was die skade amper te oorweldigend, 'n hele 100 van die doppe.

Sederdien was ek nog nie weer daar nie, maar sal binne volgende dae gaan kyk en verder rapporteer.

En hier is die laaste hoofstuk:

Op 5 Nov besoek ek weer die windpomp, die kraaie is almal weg en my oë kan nie glo wat ons vind nie. Nog 'n hele 60 van die skilpaaitjies wat die totaal op 160 bring."

Volgens Nollie was al die doppe vars en was dit nie 'n geval dat die kraaie ou doppe in die veld opgetel het nie.



# Geloftefeesnaweek - 15 en 16 Desember 2012

Na harde werk, kollektelyste, voorbereiding en alle dinge wat met so 'n naweek gepaardgaan, het ons met groot entoesiasme die naweek tegemoet gegaan.

Vrydagoggend het begin met die inrigting van die geriewe - tente is opgeslaan, stoele en tafels is aangery, eetgoed is reggekry, sodat dinge die volgende dag vlot kon verloop. Die aand het ons 'n heerlike, harde bui reën gehad.

'n Nat Saterdagoggend het aangebreek - bewolk en af en toe 'n reënbui - maar dit het geensins afbreek gedoen aan ons speletjies nie. Sodra die reën 'n kansie gegee het, het die kinders (en selfs volwassenes - ook oues van dae) aan die aktiwiteite kom deelneem.

Die middagete het bestaan uit hamburgers en slaai en daar is heerlik weggelê. Na ete is weer speletjies aangebied. (Baie dankie aan al die kinders en volwassenes wat, ten spyte van die reën, ons kom ondersteun het. Te oordeel aan na die gejil en gelag het die kinders dit baie geniet.) Baie dankie ook aan Gerhard vir die musiek wat die hele dag duidelik hoorbaar was!

Saterdagaand was daar 'n heerlike aandete wat almal geniet het. Na die ete is daar na die groot tent verskuif waar musiek die voete laat jeuk het - 'n paar paartjie het heerlik geskoffel. Daar is dan ook tot laataand gekuier. (Ons sal nou nie hardop praat oor die klompie wat in die modder vasgeval het nie!)

Sondagoggend het weer op 'n hoë noot begin. Die aptytwekkende geur van potjiekos het die lug gevul en almal laat uitsien na middagete - heerlike potjiekos met rys en stampmielies - lip-klaplekker! Baie dankie aan die potjiemakers - te oordeel na die tevrede gesigte, was dit wenners.

Ons wil aan almal wat ons die naweek ondersteun het, baie dankie sê. Aan Chris en Elsabé van Aswegen - 'n GROOT DANKIE dat julle Mountain View aan ons beskikbaar gestel het. Die terein was in 'n puik toestand en geen moeite was ontsien om aan enige behoeftes wat ons gehad het, te voorsien nie. As ons nie hierdie terein gehad het nie, sou ons nie kon voortgaan met ons planne nie. Julle fasiliteite is beslis 'n groot aanwins vir ons dorp.

Aan Louis Albert - Baie dankie Louis dat jy altyd bereid is om aan oppie-Huis Klub hulp te verleen in die vorm van stoele, tafels, braaiers en vele meer. Daarsonder sou ons verlore gewees het. Weet dat ons dit opreg waardeer.

Aan al die persone wat ons gehelp het met die etes, speletjies en die braaiery - 'n groot DANKIE. Aan ons donateurs - BAIE dANKIE! Sonder julle milde bydraes, sou ons nie die naweek kon aanbied nie. Die persone wat dit nie kon bywoon nie - probeer gerus 'n volgende keer!

Dit was 'n heerlike naweek - ook 'n hartseer naweek. Marianna - een van die stigterslede van oppi-Huis se man, Neels, was op daardie stadium baie ernstig siek, sodat sy nie die naweek se aktiwiteite kon bywoon nie. Haar kinders het in haar afwesigheid gehelp om die bal aan die rol te hou. Baie dankie ook aan hulle. Neels is dan ook op 21 Desember 2012 oorlede en dra ons ons innige simpatie aan Marianna, haar kinders en kleinkinders oor. Weet dat ons julle ook in ons gebede aan die Hemelse Vader opdra.

Oppie-Huis Groete

**Donateurs**

Hieronder die name van die donateurs wat die Gelofte-fees naweek moontlik gemaak het en waarvoor ons u almal weereens bedank.

Tossie Smith
